OGGENDDIENS SWARTLAND – NOORD 2 JULIE 2017

Voorafsang

Lied 335,396, 411, 417, 435, 442,en 454

Tema Ek is geloofsmoeg .... Wat nou?

Votum

Loflied Lied 464

Gebed

Skriflesing Hebr 10 : 32 -39 en Heb 12 : 1 – 3

Wat maak jou moeg? Watter dinge in jou lewe dreineer jou kragte?

Sommige sal sê: my dodelike dagroetine: dit wat ek elke dag oor en oor moet doen, my werksomstandighede, my lang werksure. Vroeg in die oggend opstaan, laat by die huis kom en as ek dan op my bed gaan lê, vra ek myself af – wat het ek vandag gedoen wat werklik van waarde is.

Dalk is dit onsekerhede in jou lewe wat spanning meebring. Onsekerheid oor jou gesondheid, die geluk van jou kinders, jou toekoms, gaan ek môre nog 'n werk hê, gaan ek finansieel oorleef.

Sielkundiges waarsku dat as 'n mens vir 'n lang periode aan spanning blootgstel word, jy later geheel en al kan afstomp, alle lewenssin en lewensvreugde verloor. Jy kan sooo moeg word dat jy na 'n goeie nagrus nie instaat is om jou koppie koffie na jou mond te bring nie.

Dalk redeneer jy 'n mens moet realisties wees – dit is vanweë die ouderdom dat 'n mens se kragte afneem. Dinge wat jy vroeër maklik kon doen vra nou moeite, neem twee keer so lank en maak jou drie keer so moeg. Dis maar net 'n harde feit van die lewe: soos die jare aanstap, word jou kragte getap.

Wat ook al die geval mag wees, moeg word word nog moeër wanneer jy eensaam is, wanneer jy saans by die huis die deur agter jou toetrek .... en daar is niemand met wie jy kan praat nie. Dit kan jou aanvanklike moegheid verdubbel of selfs verdriedubbel.

Die lewe kan jou moeg maak en selfs moeër. Moeër word egter die ergste as dit jou verhouding tot die Here begin raak. Ons teksgedeelte praat van geestelik moeg raak en uitsak (vers 3). Hierdie moegheid is dat jy voel jy kom nêrens met jou verhouding tot die Here nie. Jy lees die Bybel en bid maar dis soos watertrap. Jy praat met God en jou woorde steek in die plafon vas. Jy probeer met mense oor hierdie wanhopige gevoel praat en hulle ignoreer jou. Dan begin jy jouself afvra : Is geloof die moeite werd?

Hou egter goeie moed, jy is nie die enigste wat al so gevoel het nie Die Hebreër brief is juis aan mense geskryf wat so geredeneer het. Dalk was hulle 'n tweede of derde geslag Christene wat met in christelike huise grootgword het, deur hulle ouers en grootouers van Jesus vertel is maar hulle het nie self die opwinding en stryd van die eerste geslag christene ervaar nie. Hulle was nie oor en oog getuies van Jesus se aardse bediening nie. Baie van die beloftes waarvan die eerste geslag christene so gloeiend kon getuig, soos bv. die wederkoms van Jesus het nie plaasgevind nie. Daarby het die dreigement van vervolging al hoe meer werklikheid geword, moes hulle van al aardse besitting, hulle beroep selfs hulle lewe vir die saak van ie Here begin opoffer. Was dit alles die moeite werd?

Ja, dit is, sê die skrywer van die Hebreër brief. Hy gebruik 'n beeld wat ook elders in die Skrif gebruik word om die inspanning en oorwinning van die geloof te verduidelik nl 'n maraton. Vers een sê om ons is die skare op die paviljoen, die groot skare geloofsgetuies, dit wil sê die mense wat ons in die geloof voorafgegaan het, wat die wedloop al voltooi het, die lang lys van mense wat die eindstreep gehaal het (ons lees daarvan in Hoofstuk 11) en nou die aflosstok aan ons oorgegee het. Ons is nog op die baan. Ons hyg soms na asem, wonder of ons ooit die lint sal breek. Ons hande voel slap en ons knieë lam. Ons voete wat eers soos veertjies gevoel het verander in loodblokke en nou strompel ons maar net voort met baie moeite eintlik 'n val en opstaan lewe. Ons voel dit is verby met ons.

Nee dit is nie. Die Hebreër skrywer gee raad, maar ander soort raad as wat ons sou gee. Ons sou sê: Lees meer jou Bybel, Bid meer ernstig, Jy moet net vaster glo, dan sal alles regkom, ruk jouself reg, komaan jy kan dit doen. Hierdie is nie die soort oplossing en raad wat die skrywer aan sy uitgeputte gemeente gee nie. Nee, hy sê: Kyk na Jesus!!! Sien vir Jesus raak. Hou die oog gevestig op

Hom die Begin en die Voleinder van die geloof (vers 2). Die skrywer weet daar is niks wat geloofsmoegheid so gou laat verdwyn soos 'n nuwe visie van Jesus nie. Daar is geen beter versterker van geloofsenergie as 'n nuwe uitsig op die Here nie. Hoe dit werk weet ons nie. Daar is iets misterieus daaromtrent. Maar so is dit as jy wegkyk van jouself af na Jesus, as jy minder op jouself konsentreer en meer op Hom , mag jy ervaar dat die blokke van jou voete afval, dat die loodgevoel in jou lyf weer 'n veergevoel word, dat die laste wat ons verdruk, ook die sonde wat ons so maklik verstik, pad vir ons moet maak. As ons oë op Jesus gerig is val al die struikelblokke van ons af, verdwyn al die hindernisse.

Let wel dit beteken nie dat jy Hemel toe verplaas word nie. Jy kan nog steeds fisiek oud, moeg en gespanne wees. Jou eensaamheid verdwyn nie soos donkerte na die lig nie. Maar die wonder is: jy ervaar dat jy temidde van dit alles en deur alles gedra word. Daar begin gebeur met jou wat in Jes 42:2 staan "As jy deur die water gaan is ek by jou, deur riviere hulle sal jou nie wegspoel nie as jy deur die vuur moet gaan sal dit jou nie skroei nie, die vlamme sal jou nie brand nie" want die Here is by alles teenwoordig.

Dit is juis die punt: ons word tot oor die wenstreep gedra. Ons word nie net deur genade toegerus met Geestelike Krag nie, ons word tydens die maraton deur genade in God se hande gedra, maar ook oor die wenstreep. Daarom moet ons ook ons voete optel en hardloop vir die wenstreep! Die groot skare geloofsgetuies rondom kan ons aanmoedig, maar hulle kan ons nie dra nie. Jesus moedig ons nie net aan nie, Hy is die Krag in ons bene die stamina in ons om uit te hou en aan te hou. Hy is ons Verlosser. Hy is die begin en voleinder van ons geloof. Dit beteken Jesus is die Een wat die geloof in ons bgin het, Hy is die Bron en Outeur daarvan. Hy is ook die Een wat dit enduit sal voer, wat dit in ons sal voltooi. Hy staan nie bloot soos 'n toeskouer langs ons om ons raad te gee wanneer ons kragte onder ons begin knak nie. Hy nreem die laste op Sy skouers en dra dit oor die rand van die koppie genaamd Golgota waar Hyself Sy laaste asem uitblaas.

Dit is die Verlosser wat terwille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins. Nou sit Hy aan die regterkant van die troon van God. Dit sê vers 2 vir ons helder en duidelik.

Hou Hom voor oë sê die derde vers. Sien in jou geestesoog die prent van die Gekruisigde, maar ook die prent van die Oorwinnaar. Weet dan ook dat dit Heilige Gees is wat jou oë laat oopgaan. Bid die Heilige Gees om jou visie op Jesus te fokus en wonder bo wonder om die krag van die Verlosser in jou liggaam en lewe te laat invloei.

Om Jesus voor oë te hou beteken om jou opnuut aan te meld vir diens. 'n Manier van diens waarin jy jouself sal verloën, jou kruis sal opneem en Jesus sal volg. Dit beteken ook dat jy soms gebring gaan word waar jy nie wil wees nie nl stryd en vernedering. Dit is egter alles die moeite werd want jou Here gaan jou dra tot by die wenstreep tot oor die wenstreep tot in die ewige heerlikheid.

Daar word die verhaal vertel van 'n Spaanse skilder wat die opdrag gekry het om 'n skildery van Jesus ern Sy dissipels by die laaste Avondmaal te skilder. Toe hierdie man die doek van die skildery wat hy met sorg geskilder het, verwyder het van die mense wat teenwoorig was 'n opmerking gemaak oor die pragtige silwerbekers op die tafel. Die verhaal lui dat die skilder dadelik sy verfkwas uitgehaal het en die silwerbekers toegeverf het, want het hy gesê die skildery moet mense Jesus laat sien en nie silwer bekers nie. Vers 3 sê vir ons baie duidelik, hou Jesus voor oë wat so 'n vyandige optrede van sondaars teen Hom verdra het. Dan sal julle nie gestelik moeg word of uitsak nie.

In jou maraton wedloop wie sien jy raak?

Gebed

Kollekte

Sing Lied 505 : 1 -4

Seëngroet en sing van Amenlied